Julie - Augustus 2026

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 26, No. 4 Vertalings uit ’n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2025 *Tomorrow's World*-tydskrifte



’n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## U kan die wêreld verander!

Hoe sou u daarvan hou om 'n einde aan oorlog en geweldsmisdaad te maak? Wat van die beëindiging van armoede, besoedeling, egskeiding, rassevooroordeel en diefstal? Besef u dat u dit kan doen? Dit word alles in die Bybel uiteengesit – op 'n wyse wat baie mense hulleself dit nooit sou kon voorstel nie.

Ons by die *Wêreld van Môre* sien reeds lank daarna uit om 'n oplossing vir die wêreld se probleme te vind. Die *Tomorrow's World* word al vir meer as 25 jaar gepubliseer en die *Wêreld van Môre*-tydskrif al 23 jaar. Terwyl ek hier skryf, is hierdie die 100ste uitgawe van ons Spaanse tydskrif, *El Mundo de Mañana*, wat verduidelik dat ons uitsien na daardie beter wêreld wat voorlê. Ons wil almal 'n einde maak aan armoede, besoedeling, egskeiding, rassevooroordeel en jeugmisdaad. Ons vertrou dat u daardie begeerte met ons deel. Ons hóóp egter nie net nie, ons beplan om presiés net dit te doen.

Ons weet dat individue en organisasies verandering teweeg kan bring, maar tot dusver het niemand universele en blywende vrede na planeet Aarde gebring nie. Dit is egter presies wat ons beplan om te doen. U mag tereg wonder *of dit realisties is?* Is ons bloot ontnugterde dromers? Is sulke ideale haalbaar? Die eenvoudige antwoord is, ja, ons *sal* die wêreld verander! Wat meer is, *u* kan aandeel hê aan daardie verandering!

Die goeie nuus wat Jesus gebring het, is dat ek en u kan help om hierdie huidige toestand van die wêreld totaal te verander – maar nie op die manier wat u dalk in gedagte mag hê nie. U hoef nie by 'n protesbeweging van universiteitstudente aan te sluit of om vir nét die regte politieke kandidaat ondersteuners te werf nie. Vir duisende jare het mense 'n messíasfiguur gesoek om die mensdom se probleme op te los, maar die oorlog “om alle oorloë te beëindig” het gekom en gegaan en ander oorloë het gevolg. Weliswaar is sommige beter leiers as ander, maar niemand ken die weg na vrede nie en die wêreld gaan dus voort op sy meedoënlose pad na vernietiging.

Min belydende Christene verstaan die goeie nuus wat Jesus vir drie-en-'n-half jaar lank vóór Sy kruisiging verkondig het, maar daar is niks geheimsinnig betreffende Sy boodskap nie: “EN nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galilea gekom en die evangelie [goeie nuus] van *die koninkryk van God* verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15). Op watter wyse maak die geloof in Christus se boodskap dit vir u moontlik om die wêreld te verander?

**Die beste nuus wat u nog nooit gehoor het nie**

'n Heerser van die Jode – 'n Fariseër met die

naam Nikodémus – het in die nag na Jesus gekom en was geskok toe Jesus vir hom sê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Johannes 3:3). Om weer gebore te word, beteken veel meer as 'n tydelike emosionele ervaring. Dit behels 'n verandering van vlees en bloed na gees (verse 6, 8). Jare later het die apostel Paulus verduidelik dat "vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie" (1 Korinthiërs 15:50). Vir 'n vollediger begrip van hierdie onderwerp, kan u 'n gratis eksemplaar van ons insiggewende bron, *Johannes 3:16: Verborge Waarhede van die Goue Vers*, bestel.

Jesus verwys drie keer na "die owerste van hierdie wêreld" deur wie Hy teëgestaan word (Johannes 12:31; 14:30; 16:11). Paulus voeg by dat hierdie heerser die god van ons huidige tyd is: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korinthiërs 4:3-4). Ons lees ook dat hierdie heerser, Satan die duiwel, die hele wêreld mislei (Openbaring 12:9).

Liewe vriende, ek en u gaan nie Satan se wêreld *op hierdie stadium* verander nie al probeer ons ook hoé hard. Ons

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – U kan die wêreld verander!**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Wat pouse en profesie betref** 3
*Wat behoort die nuwe Rooms Katolieke pous vir ons te beteken? Die antwoord is belangriker as wat byna enige persoon homself kan indink.*

**O Kanada!**
**Jennie se pragtige tuine** 8

**Waarom die rooi vers saak maak** 11
*Waarom wil sommige mense in Israel so graag "rooi verse" hê en waarom is party mense in die Islamitiese wêreld so daarteen gekant?*

**Europa se tyd het aangebreek** 14
*Selfs terwyl u hierdie tydskrif lees, is nóg 'n herlewing van die Romeinse ryk besig om plaas te vind. Hier volg die redes waarom ons nie verbaas is nie.*

**Herinnering aan die Scopes-"Aapverhoor"** 15
*Tydens die 100ste herdenking van hierdie bekende twispunt kom daar steeds diepgaande vrae na vore met betrekking tot die skepping, evolusie en opvoeding.*

**Maak 'n ketting** 18
*Waaraan sal u u ketting koppel?*

**U geestesdieet** 20

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Wallace G. Smith
**Senior Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
PO Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6266
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
PO Box 465
London, ON N6P 1R1
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
PO Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
PO Box 8112,
Kettering, NN16 6YF
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Wat pouse en profesie betref

Deur Wallace G. Smith

*Wat behoort die nuwe Rooms Katolieke pous vir ons te beteken? Die antwoord is belangriker as wat byna enige persoon homself kan indink.*

Enigiemand wat na die regstreekse uitsending vanuit die Vatikaan op 8 Mei 2025 gekyk het sou natuurlik ontroer gewees het deur die drama en opregte emosie van die geleentheid.

Terwyl die skare buite die St. Peter's basilika stilletjies in die agtergrond gefluister het, was alle oë gefokus op 'n klein skoorsteen bo-op die dak van die Sistynse Kapel. Om 18:07 plaaslike tyd, het wit rook uit die skoorsteen begin borrel en die vreugdevolle gehoor laat oplewe. 'n Nuwe pous is verkies om die Rooms-Katolieke kerk te lei. Die skare was nou in ekstase en het oorverdowend gejubel. Sommige mense het hulle arms in die lug gegooi, ander het stilweg gehuil met hulle hande voor hulle gesigte. Vlae van regoor die wêreld het gewapper as getuienis van die groot aantal nasies wat verteenwoordig was onder die 1,4 miljard mense regoor die wêreld wat die nuwe Pontifex Maximus [pous] as hulle herder sou erken.

Skaars meer as 'n uur nadat die eerste dampe wit rook verskyn het, het die man wat voorheen bekend gestaan het as Kardinaal Robert Francis Prevost op die balkon van die basilika verskyn. Nou, met die naam Leo XIV, het hy gereed gestaan om die skare as hulle nuwe "Heilige Vader" toe te spreek as opvolger van Pous Franciskus, wat 17 dae tevore oorlede is,

Die 69-jarige Prevost, gebore in Chicago, Illinois – die eerste Amerikaanse biskop wat ooit tot die pouslike amp verkies is – het 'n instelling met baie probleme geërf. Aan die een kant gaan luide stemme op ten gunste van die terugkeer na die ouer maniere van voor-Vatikaan II Katolisisme, uit vrees dat pogings om uit te reik na ons vervalle kultuur gelei het tot die aanvaarding van agteruitgang. Aan die ander kant gaan ewe luide stemme op ten gunste van meer van die hervorming wat Francis vir baie van hulle verteenwoordig het, aangesien hy daarna gestreef het om sy kerk meer toeganklik te maak vir die uitgeslotenes en grensgevalle wat na leiding van die kerk gesoek het. Die verdeeldheid is so groot dat sommige mense gevrees het dat 'n skeuring onvermydelik was – dalk een rede waarom Prevost verkies is en wat deur sommige mense as 'n man tussen hierdie uiterstes beskou word.

Waarom sou ons dan omgee? Die wêreld se getroue Rooms-Katolieke sal beslis omgee. Wat egter van die ander 6 tot 7 miljard mense op planeet Aarde? Dit blyk immers asof die era toe pouse die keisers gekies het, oorloë begin het of inkwisisies beveel het, lankal verby is. Watter impak kan Leo XIV moontlik op die lewe van 'n gemiddelde, nie-Katolieke persoon hê?

Die impak van een pous – moontlik hierdie een of dalk een wat sal volg – sal aansienlik groot wees. Indien ons toelaat dat Bybelprofesie ons lei, sal ons sien dat 'n man wat die Vatikaanse hiërargie in die toekoms lei, heel moontlik die middelpunt van eindtydse gebeure mag wees. Om te verstaan waarom en hoe, vereis 'n goeie begrip van die pousdom.

**Buitengewone bewerings**

Getroue Rooms-Katolieke sien Leo XIV as die 267ste biskop van Rome in 'n deurlopende opeenvolging wat terugstrek vanaf die apostel Petrus. Laat in die tweede eeu n.C. het die Katolieke biskop Irenaeus die aartsbiskoplike amp van die Rooms-Katolieke biskop verdedig op grond van die veronderstelling dat die kerk daar gestig en georganiseer was ... deur die twee glorieryke apostels, Petrus en Paulus *(Against Heresies 3:3:2).* Daar word beweer dat Petrus vir ongeveer 25 jaar lank in Rome as die biskop van sy gemeentes in Rome gewoon het voordat hy en die apostel Paulus dáár gemartel is. Sedertdien word daarop aanspraak gemaak, dat die biskop van Rome die "Pontifex Maximus" [hoof-

biskop] is – 'n term wat uit Rome se heidense verlede geleen is – wat hoofsaaklik die "hoof brugbouer" beteken, die hoof van alle biskoppe regoor die wêreld.

Moontlik was die sterkste verklaring van pouslike mag gemaak deur Pous Bonifatius VIII in 1302, wie onomwonde gesê het: Ons verklaar, ons verkondig, ons bepaal dat dit absoluut noodsaaklik vir verlossing is dat elke menslike wese onderworpe is aan die Roomse Pous. Interessant genoeg, terwyl latere verwikkelings die vertolkings van daardie stelling versag het, is dit steeds soos gesê word "amptelik aangeteken". Die moderne kategismus van die Katolieke Kerk is duidelik: *Die Pous*, Biskop van Rome en Petrus se opvolger ... het oppergesag en universele mag oor die hele kerk, 'n mag wat hy altyd ongehinderd kan uitoefen (§882).

Dit is buitengewone aansprake om te maak, maar is dit waar? Dogma opsygesit en die bewyse van sekulêre geskiedenis sowel as die heilige Skrif voorsien die antwoord: *Nee, dit is nie waar nie!* Indien ons bereid is om God toe te laat om ons te lei, kan ons die volle waarheid met betrekking tot die ware Christendom waarneem.

**Petrus: Duidelik die leier van die Apostels**

Nadat Simon die visserman, die eerste persoon was wat Jesus se identiteit as die Christus en Seun van God bely het (Matthéüs 16:15-18), het Christus hierdie dissipel se naam na Petrus verander, 'n Griekse naam wat 'n rots of klip beteken – 'n verandering wat dikwels misverstaan word en wat ons later sal ondersoek. Christus het tydens Sy bediening Petrus, Jakobus en Johannes se name gereeld genoem as diegene wat leidende rolle onder Sy dissipels het (Matthéüs 17:1; Lukas 8:51; Markus 14:33). Die Here Jesus het spesifiek gebid vir die beskerming van Petrus, wie deur die duiwel geteiken was (Lukas 22:31-32).

Op Pinksterdag, met die eerste openbare proklamasie van die nuut Geestelik-bemagtigde Kerk, het al die dissipels gepraat – maar Petrus het duidelik die leiding geneem (Handelinge 2:4-8, 14). Sy tydgenote het erken dat Petrus 'n spesiale opdrag gekry het om die Evangelie van die Koninkryk na die besnedenes te neem (Galásiërs 2:7). Hoewel die opdrag ten opsigte van die heidene hoofsaaklik vir Paulus gegee is, het God steeds vir Petrus gebruik om eers die deur vir hulle oop te maak (Handelinge 10-11; 15:7). Jakobus het Petrus se woorde spesiaal aangehaal by die afsluiting van die Jerusalem-konferensie (Handelinge 15:13-21). In die lyste van die Apostels noem die Skrif altyd Petrus se naam eerste, alhoewel Petrus se broer, Andréas, blykbaar reeds vir Jesus voorheen gevolg het (Matthéüs 10:2; Lukas 6:13-14; Johannes 1:40-42).

God is georganiseerd en georden (sien 1 Korinthiërs 14:33, 40), daarom behoort dit geen verrassing te wees dat daar struktuur en orde binne die leierskap van Sy Kerk is nie. Die Almagtige organiseer Sy mense deurgaans onder die leierskap van een individu – of dit nou op 'n nasionale vlak is soos toe Moses die Israeliete gelei het of op 'n persoonlike vlak, soos dit in die Bybelse familie gevind word. Waarom sou ons verwag dat die Kerk enigsins anders georganiseer sal wees (sien Maleági 3:6; Hebreërs 13:8)?

Dit is duidelik dat Christus vir Petrus 'n spesiale posisie van leierskap onder die Apostels gegee het. Dit is egter net so duidelik dat Petrus se rol in die vroeë Kerk nie ooreenstem met die weergawe van die hedendaagse pousdom nie. Die apostel Paulus se beskrywing van Jakobus, Céfas en Johannes as diegene wat as pilare geag is [Galasiërs 2:9] in Jerusalem is nouliks wat 'n mens sou verwag indien een van hulle volle, oppergesag en universele mag oor die hele Kerk besit het. Terwyl Petrus se getuienis in Handelinge 15 veral belangrik gevind was, blyk dit nogtans dat Jakobus, nie Petrus nie, die konferensie gelei het (verse 13-21), dalk as leier van die gemeente in Jerusalem (Handelinge 21:17-18; Galásiërs 2:12), wat destyds die hoofkwartier van God se Kerk was. Paulus, wie Petrus se skynheiligheid onder die heidene uitgewys het, blyk nouliks die agting en verering te weerspieël wat vandag aan pouse betoon word (sien Galásiërs 2:6-14).

Waarlik, niks word in enige Bybelse verslae gevind wat betref Petrus se bediening onder sy mede-Apostels en wat enigsins na hom verwys in die

rol van 'n pous soos deur Rooms-Katolieke gelowiges deesdae verstaan word nie.

**Is Petrus die rots?**

Indien Petrus nie die eerste pous was nie, hoe behoort ons Matthéüs 16 te verstaan, toe Jesus Sy dissipels gevra het wie hulle gedink het Hy is? Petrus was die eerste om te antwoord: U is die Christus, die Seun van die lewende God (Matthéüs 16:16). In reaksie hierop het die Verlosser Petrus geseën en gesê dat hierdie erkenning nie deur Petrus se eie verstand gekom het nie, maar deur God se openbaring (vers 17). Christus het toe Petrus se naam verander van *Simon*, sy gegewe naam, na *Petrus*, in 'n stelling wat meer debatte as miskien enige ander stelling in die geskiedenis van die Christendom veroorsaak het:

> Geseënd is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou dat jy Petrus is, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook al op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook al op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbind wees (verse 17-19).

Ons sien hier 'n geval van woordspeling. In die Nuwe-Testamentiese Grieks is die naam *Petrus* eintlik *Petros*, wat verwant is aan die Griekse woord *petra* vir "rots". Het Christus dus gesê Hy sou Sy Kerk op die mán Petrus bou? Pouslike ondersteuners wys op 'n skynbaar duidelike verband: Jesus het Petrus se naam na rots verander omdat Hy die Kerk op Petrus sou bou en dus ook op al die pouse wat volgens hulle, hom opgevolg het.

Kritici van die pousdom wys egter daarop dat die woorde *petros* en *petra* nie dieselfde is nie en in werklikheid dui op verskille in betekenis waar *petros* na 'n kleinere rots verwys en *petra* na 'n veel groter een. Pousondersteuners probeer om hierdie kenmerkende woordspeling te verminder en merk op dat dit nie gevind is in die Aramese taal wat Jesus en Petrus gepraat het nie, waar *kepha* (die basis van Paulus se gebruik van Cé*fas* as Petrus se naam) vir albei doeleindes sou dien. God het tog gekies om die geïnspireerde verslag in Grieks op te teken, nie Aramees nie – dus behoort die Griekse onderskeid nie sommer verwerp te word nie.

**Openbaring van die ware Rots**

Indien ons na ander geïnspireerde gedeeltes kyk, is die waarheid oor hierdie Rots duidelik. Jesus Christus is die Rots op wie die Kerk gebou is.


# God se Kerk deur die eeue

***God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat "die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie" (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.***

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Paulus identifiseer Christus as die hoeksteen van die huishouding van God (Efésiërs 2:19-20). Petrus self bevestig dit in sy openbare prediking en sy geskrifte aan ander Christene (Handelinge 4:11; 1 Petrus 2:6-7). Die Verlosser het geopenbaar dat Hy Self die hoeksteen is (Matthéüs 21:42) en in gelykenisse verduidelik Hy dat die betekenis van bou op die rots is, om volgens Sy leerstellings op te tree (Matthéüs 7:24-25). Paulus verduidelik dat Jesus Christus voor sy menslike bestaan die God was wat antieke Israel bygestaan het, bevestig: "die rots was Christus" (1 Korinthiërs 10:4).

Selfs een van die invloedrykste "doktore" van die Rooms-Katolieke kerk, Augustinus van Hippo, het presies dieselfde aannames in sy geskrifte en preke gedurende die vroeë vyfde eeu n.C. gemaak. Later in sy lewe het Augustinus van dieselfde verse wat hierbo genoem is, aangehaal om te bevestig dat Jesus Christus die Een was wat Petrus bely het – nie Petrus self nie – wie die Rots was waarop Christus beloof het om Sy Kerk te bou (byvoorbeeld *The Retractations*, hoofstuk 20, afd. 1; Preek 76; Preek 295; Preek 229P). 'n Duisend jaar voordat enige Protestantse hervormers hierdie argument teen die pousdom gebruik het, het een van die voorste Rooms-Katolieke teoloë dieselfde gedoen! Trouens, Pous Leo XIV wat self 'n volgeling van Augustinus was, het tydens sy inhuldigingsmis in Mei presies dieselfde stelling gemaak dat Christus die Rots is.

Wat van Christus se stelling met betrekking tot die sleutels van die koninkryk van die hemele en die gesag om op die aarde .... wat jy ook op aarde mag ontbind sal in die hemel ontbonde wees? (Matthéüs16:19). Net twee hoofstukke later gee Christus dieselfde gesag om te bind en te ontbind, nie net aan Petrus nie, maar aan al die Apostels (Matthéüs 18:18). Ja, Christus het die setel van gesag – om volgens God se Wette te oordeel – van die Joodse leierskap na Sy Apostels oorgedra (sien Matthéüs 23:1-3, 13). Aangesien daardie gesag egter aan al twaalf Apostels gegee is, kan dit nouliks gebruik word om die idee te ondersteun dat die pous volle, oppergesag en universele mag oor die hele kerk besit.

**Rome se bewerings verkrummel**

Wat het geword van die bewering dat die kerk in Rome deur die apostels Petrus en Paulus "gestig en georganiseer" was? Selfs al was dit waar, sou dit steeds onvoldoende wees om Rome as die gesaghebbende hoofkwartier vir alle Christene te vestig. Nie die geskiedenis óf die Skrif stem ooreen met hierdie bewering nie.

Die hoogaangeskrewe geskiedskrywer Eamon Duffy, is 'n Katolieke geleerde en bekend vir sy ywer vir sy kerk en die pousdom. Hy is ook reguit wat betref die stories van Rooms-Katolieke oorsprong en die bewerings van 'n ononderbroke pouslike lyn van Petrus tot vandag se pous:

> Hulle is vroom romantiese versinsels, nie geskiedenis nie. Die feit is dat ons geen betroubare verslae het aangaande Petrus se latere lewe of oor die wyse of plek van sy dood nie. Nie Petrus of Paulus het die Kerk in Rome gestig nie, want daar was Christene in die stad nog voordat enigeen van die Apostels hulle daar gevestig het. Ons kan ook nie aanvaar, soos Irenaeus gedoen het – dat die Apostels daar 'n opeenvolging van biskoppe gevestig het om hulle werk in die stad voort te sit nie, want volgens alle aanduidings was daar vir byna 'n eeu ná die dood van die Apostels, geen enkele biskop in Rome nie. Die feit is, hoe ons ook al daarna kyk, blyk die breë trekke van die Petrus se opvolging in Rome vaag en onoplosbaar (*Saints and Sinners: A History of the Popes*, Fourth Edition, 2014).

Nee, die Christelike gemeenskap in Rome is nié deur Petrus en Paulus gestig en georganiseer, soos Irenaeus valslik sou beweer het nie,

want dit was reeds meer as 'n eeu nadat albei gemartel is. Trouens, Paulus het dit duidelik gemaak dat die lewende Christus vir Petrus opdrag gegee het om die Evangelie na die Israeliete te neem, net soos Paulus opdrag gegee is om dit na heidene te neem – die besnedenes en onbesnedenes onderskeidelik, van Galásiërs 2:7-9. Die idee dat Petrus Christus se opdrag sou laat vaar om 'n dekadeslange setel as 'n biskop van Rome op te neem, is absurd.

Petrus het verder in sy eerste brief geskryf dat hy van Babilon af geskryf het – 'n *werklike* eerste-eeuse pleknaam, wat deur eerste-eeuse geskiedskrywers Philo en Josephus bevestig is. Trouens, Josephus merk op dat daar gedurende die eerste eeu 'n groot aantal Jode in Babilon was (*Antiquities* 15.2.2), wat beteken dat Petrus se teenwoordigheid daar ooreenstem met sy opdrag aan die besnedenes.

Dit is net so duidelik dat toe Paulus aan die Romeine geskryf het, hy geskryf het om 'n reeds bestaande en aktiewe gemeente van gelowiges te versterk en het melding gemaak van sy verlange om hulle uiteindelik te besoek (byvoorbeeld Romeine 1:9-12; 15:22-28). Dit is betekenisvol dat wanneer Paulus in Romeine 16 baie noemenswaardige Christene in Rome op hulle naam groet, hy nie melding maak van Petrus nie. Paulus kon heel moontlik later na Rome gegaan het en hy asook Petrus kon inderdaad daar aan hulle einde gekom het. Die idee dat hulle Rome se Christelike gemeenskap gestig het, is ongegrond.

Die feit is, in 451 n.C. het die Raad van Chalcedon in Kanon 28 opgemerk dat die rede vir Rome se voorrang hoofsaaklik was omdat dit die keiserlike stad was – dit wil sê, as gevolg van die politieke belangrikheid daarvan en nie as gevolg van enige teologiese of apostoliese redes nie.

**Waarom dit saak maak**

Vroeë verslae van die organisasie wat die Rooms-Katolieke kerk sou word, toon talle belangrike besluite wat geneem is – soos in die Raad van Nicea in 325 n.C. – met skaars enige betrokkenheid van 'n pous hoegenaamd en beslis sonder enige beroep op die gesag van een. Die waarheid is dat die pousdom 'n geleidelike skepping van daardie organisasie is – nié 'n voortsetting van die "stoel van Petrus" en ook nie goddelik deur Jesus Christus georden nie. Geen pous soos dit vandag deur Katolieke verstaan word, word in die Bybelse aantekeninge gevind nie.

Waarom behoort ons dan om te gee? Daar is ten minste twee belangrike redes. Eerstens, enige aansprake dat die Rooms-Katolieke kerk en sy pous die gesag het om van die eenvoudige bevele van Jesus Christus en die Wette van God af te wyk, is heeltemal ongegrond en word nie deur die Skrif ondersteun nie. Sulke afwykings is egter *legio*.

Neem byvoorbeeld die sewendedag-Sabbat in ag wat uitdruklik in die vierde Gebod (Exodus 20:8-11) voorgeskryf word en deur die eerste-eeuse Kerk onderhou is, soos dit bevestig word deur die Skrif sowel as wêreldse geskiedenis. Hoe het dit dan gebeur dat Sondag eerder onderhou word? *The Convert's Catechism of Catholic doctrine*, wat in 1910 onder amptelike goedkeuring gepubliseer is, is duidelik: Ons onderhou Sondag in plaas van Saterdag omdat die Katolieke Kerk, in die Raad van Laodicéa (336 n.C.), die plegtigheid van Saterdag na Sondag verander het.

Let ook op na die aanbidding en verering van beelde, standbeelde en ikone. Hierdie soort aanbidding word uitdruklik verbied in die tweede Gebod (Exodus 20:4-6). Die sewende ekumeniese raad in Nicea (787) het egter die verering van ikone geregverdig ... van Christus, maar ook van die Moeder van God, die engele en al die heiliges (*Catechism of the Catholic Church*, *§2131)*. Woordspeling word gebruik om te beweer dat sulke verering nie aanbidding is nie, maar verander nie die feit dat enige antieke (of hedendaagse) heidense Katolieke wat gebruike aangaande beeldhouwerk en ikone beskou, hulle eie afgodediens sou herken nie.

Christus Sélf het diegene veroordeel wat gedurende Sy tyd *wel* die mag besit het en in die gesagstoel gesit het: Die skrifgeleerdes en Fariseërs. Wat het Hy van hulle gesê wanneer hulle hul gesag gebruik

*Vervolg op bladsy 22*

# Jennie se pragtige tuine

Deur Stuart Wachowicz

**Op Vancouver-eiland, noord van die stad Victoria,** is daar 'n bekende landmerk wat die verhaal van transformasie en harde werk vertel en wat wys hoe, selfs in hierdie wêreld vol probleme, die mensdom in staat is tot verstommende prestasies.

In die 1850's het George Butchart van Dundee, Skotland, na die dorpie *Owen Sound*, Ontario, verhuis. Butchart, 'n jong man in die hardewarebesigheid het gehoor van 'n Engelse messelaar se uitvinding van 'n nuwe boumateriaal met die naam "Portland-sement". Dit is vernoem na die eiland *Portland* naby Dorset in Engeland, aangesien die nuwe sementproduk baie soos *Portland*-kalksteen gelyk het.

Butchart het 'n seun met die naam Robert gehad, wie mettertyd sy vader se hardewarebesigheid sou oorneem. Teen 1905 het Robert groot sakepotensiaal langs Kanada se weskus in die groterwordende kolonie van *British Columbia* geïdentifiseer en hy het daarheen verhuis saam met sy vrou, Jennie.

Nadat Robert gehoor het dat die *Canadian Pacific Railway* die spoorbrug-basisse van hout met beton-basisse wou vervang, het hy 'n geleentheid raakgesien. Net noord van Victoria het hy 'n groot sagte kalksteen neerslag gevind wat geskik was vir die maak van Portland-sement. Hy het die eiendom gekoop en hy en Jennie het daar 'n huis gebou, langs die plek wat die steengroef en sementwerke sou word.

Die gesin se finansiële situasie het wonderlik verbeter toe Robert sement in papiersakke in plaas van vate begin verskeep het. Dit het hulle produk goedkoper en makliker vervoerbaar gemaak en die aanvraag daarna het toegeneem. Die aardbewing van San Francisco in 1906 het gelei tot 'n groot aanvraag na Portland-sement. Robert het in hierdie behoefte voorsien en baie ryk geword.

Uiteindelik het die ou kalksteen-groef uitgeput geraak. Die leë en uitgewerkte steengroef en sementwerke het Jennie só geïrriteer dat sy gereeld versoek het dat die hele onooglike plek skoongemaak word. Robert het uiteindelik ingestem en haar vrye teuels gegee om te doen wat nodig was, aangesien finansies nie 'n probleem was nie.

Jennie het aan die werk gespring. Deel van haar motivering is verder aangewakker toe vriende reguit vir haar gesê het dat niemand enigiets op daardie dorre rots kon laat groei nie. Jennie, wie in haar jeug nogal onbeskroomd en avontuurlustig was, was vasbeslote om hulle verkeerd te bewys. Waarmee het sy egter te kampe gehad? 'n Reuse steengroef wat deurdrenk was met water op die bodem en besaai met geroeste, ongebruikte toerusting en ander puin – dit was uiters onooglik.

Omdat Jennie nog nie veel van tuinmaak geweet het nie, het sy 'n paar kundige tuiniers aangestel. Sy het self baie hard gewerk en soms selfs aan 'n tou bo die steengroef se vloer gehang om grond en wingerdwortels in krake in die rotswand in te druk. Die puin was verwyder, honderde perdekarre vol grond is ingebring en dreinering was geïnstalleer. Tussen 1912 en 1921 was die steengroef stadig omskep en die Gesonke Tuin genoem. Nege jaar se werk het vrugte afgewerp.

Jennie het egter nie net by die Gesonke Tuin opgehou nie – sy het ook 'n kundige Japannese tuinier aangestel en hy het die mooiste voorbeeld van 'n Japannese tuin gebou wat bestaan. Hy het ook gewerk om die familie se voormalige tennisbaan in 'n Italiaanse tuin te omskep en 'n enorme roostuin is aangeplant. Daar was klaarblyklik geen einde aan haar projekte nie en haar werk het uiteindelik 'n familiepoging geword.

## 'n Visie wat werklikheid geword het

Vandag het die Butchart-tuine bekend geraak as een van die mooiste tuine op aarde. Omdat dit nie meer 'n onooglike plek is om te vermy nie, kom duisende mense twaalf maande van die jaar om die merkwaardige Gesonke Tuin te sien. Meer as 'n miljoen

besoekers kom besigtig jaarliks hierdie tuin, wat voor-heen 'n woesteny was en toe omskep is in 'n tuin van asem-rowende skoonheid – die resultaat van wat net een hard-werkende gesin bereik het. So 'n ongelooflike prestasie hou lesse van groot aanmoediging in.

Verwoesting kan omgekeer word. Die steengroef was nie bloot 'n wildernis nie – dit was verlate, onooglik en leweloos – die natuurlike habitat was vernietig. Die Butcharts se werk is 'n aanmoediging vir die mensdom en gee ons vertroue dat selfs verlate, verwoeste gebiede van die aarde pragtig, begeerlik en produktief omskep kan word.

Groot krag word ontketen wanneer mense in harmonie saamwerk vir 'n gemeenskaplike saak en leierskap. Wanneer enige groot projek suksesvol voltooi word, is dit omdat mense saamwerk. In hierdie geval was mnr. en mev. Butchart heeltemal eensgesind. Mnr. Butchart het al hoe meer in die werk begin belangstel en die projek het uitgebrei. Oor generasies heen het familielede aangegaan met die projek en voortgesette pogings was noodsaaklik om so 'n skat in stand te hou. Een van die mees skilderagtige plekke op aarde het ontstaan as gevolg van een gesin se begeerte om ywerig aan 'n gemeenskaplike doelwit te werk vir so lank as wat dit geneem het om dit te bereik.

Daar is krag daarin om te deel en vrygewig te wees – om te deel maak dit nog meer die moeite werd en aangenaam. Die Butchart-gesin wou hulle tuine met ander mense deel en hulle was vrygewig met alles wat hulle gehad het. Terwyl mnr. Butchart seker gemaak het dat sy gesin versorg was en net soos sy vrou, was hy baie vrygewig met dit wat hulle gehad het. Gevolglik het miljoene mense hulle tuine geniet. Gedurende die vroeë jare – totdat dit onmoontlik geraak het, het elke besoeker 'n koppie tee ontvang in 'n teetuin wat vir hierdie doel gebou was. Jennie was 'n praktiese tuinier en haar vreugde was selfs groter wanneer ander mense haar werk geniet het. Alhoewel sy baie welgesteld was, was sy dikwels in werksklere en het sy saam met haar personeel die tuin versorg. Daar is 'n storie wat soos volg lui: Eendag het twee besoekers, wie gedink het sy was 'n betaalde werker, haar met vrae bestook wat sy met groot plesier beantwoord het. Met hulle vertrek, het hulle haar 'n fooitjie aangebied, waarop sy geantwoord het: “Ag nee, dankie – die ou dame sou nie daarvan hou nie”.

Visie, ywer en deursettingsvermoë lewer goeie resultate. Jennie Butchart het 'n toekomsvisie gehad en sy was bereid om groot uitdagings te bowe te kom. Die Butcharts het 'n voorbeeld gestel van werkywer – die bereidwilligheid om hard te werk om 'n doelwit te bereik en te sukkel om struikelblokke te oorkom. Hulle visie vir hulle tuine was om iets moois te skep en hulle het nooit die begeerte verloor om te verbeter nie. Visie is noodsaaklik om 'n gewenste resultaat te bereik, om vol te hou met 'n taak en om werksetiek te handhaaf – die Butcharts het 'n visie gehad wat hulle en hul gemeenskap sou bevoordeel.

**'n Wêreld wat vernuwe is**

Ten spyte van die skeptisisme van 'n nuwe wêreld, voorspel die Bybel duidelik 'n toekoms met Jesus Christus wat regeer en Sy Gesin ná Sy Wederkoms – die “eerstelinge” wat uit die dood opgestaan het. Die herstel van 'n verwoeste wêreld tot groot skoonheid, vrede en produktiwiteit word beskryf. “Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing; dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlikheid van die Libanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron; hulle dáár sal sien die heerlikheid van die HERE. die sieraad van onse God” (Jesaja 35:1-2). Dit sal 'n tydperk wees wanneer mense volgens God se Wet sal leef, wat vrygewigheid, vriendelikheid, ywer en kreatiwiteit sal voortbring.

Die Butchart-familie het 'n groot prestasie behaal deur 'n verlate steengroef te omskep in wat deur die Kanadese regering as 'n Nasionale Geskiedkundige Terrein aangewys is. Dit is nogtans net 'n geringe voorbeeld wat uitbeeld wat gaan kom wanneer God se Koninkryk Sy Wet op hierdie aarde toepas en 'n paradys skep wat oneindig skouspelagtig, vreugdevol en blywend sal wees – selfs meer as Jennie se pragtige tuine. Indien u belangstel om meer te wete te kom, vra gerus ons gratis Bybelstudiegids, *Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?* aan vanaf die streekkantoor naaste aan u. Die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif. U kan ook aanlyn vir u gratis eksemplaar aanvra by *wvm.co.za.* WvM

*Vervolg vanaf bladsy 13 – Herinnering aan die Scopes-"Aapverhoor"*

bevind en het om 11:20 op die oggend van 21 Julie vergader en hulle uitspraak om 11:29 gelewer – na slegs vyf minute se beraadslaging. Regter Raulston het 'n boete van $100 opgelê, hangende die appèl van die saak van die Hooggeregshof van Tennessee. Die *Chattanooga News* het dit daardie dag "die wêreld se bekendste wangedragsaak" genoem – 'n saak wat "as 'n regsgeding begin het, in 'n sirkus ontaard het en in 'n stryd van skelwoorde tussen prokureurs ontwikkel het".

Die eisers in *The State of Tennessee versus John Thomas Scopes was* gereed om hulle saak tot by die Amerikaanse Hooggeregshof te neem, maar nogtans het dit nooit gebeur nie. Die Tennessee Hooggeregshof het in Januarie 1927, Scopes se skuldigbevinding op 'n tegniese punt uitgegooi. Volgens die destydse wetgewing van Tennessee kon slegs 'n jurie 'n boete van meer as $50 oplê, dus is Scopes se boete van $100 wat deur die regter opgelê is, uitgegooi. Daar het dus geen regskwessie oorgebly om dit na die federale howe te eskaleer nie.

**Die nadraai**

Die Butler-wet het tot Mei 1967 in werking gebly, toe die Tennessee-wetgewer dit herroep het met die doel om nog 'n soortgelyke uitdaging van 'n hofsaak te vermy wat baie mense gevrees het 'n internasionale skouspel kon word.

Wat het geword van die ekonomiese voordeel wat die verhoor vir Dayton gebring het? Die *Chattanooga Daily Times* het op 11 Julie 'n artikel geplaas met die titel: "Groot skares wat vir weke lank gewag het, het versuim om hulle opwagting te maak", is berig, en natuurlik was daar "'n paar honderd mense en hulle was intens geïnteresseerd, maar hulle was hoofsaaklik geïnteresseerd daarin om die nuus eerste te kry, want hulle is koerant-verslaggewers". Dit was nouliks die toeloop van toeriste waarop die stad se sakegemeenskap gehoop het en die meeste van die groep het die *Rhea County*-hofgebou volgepak en het nie die dorp se geriewe gebruik nie. Daar word beraam dat *Rhea County* se ekonomie 'n veel groter hupstoot ontvang het in 2017, toe Dayton in die pad was van 'n totale sonsverduistering, as van die Scopes-verhoor! Dit is nogtans billik om te sê dat die Scopes-verhoor 'n baie groter impak gehad het as die ekonomie.

Honderd jaar later het die feite van die Scopes-saak grootliks uit die openbare geheue verdwyn. Dit word dalk die beste onthou deur die fiktiewe lens van die 1960-rolprent *Inherit the Wind* en verskeie daaropvolgende televisieverwerkings. Deesdae het die meeste evolusioniste die besonderhede van Darwin se oorspronklike teorie grootliks laat vaar en dit verwerp ten gunste van gemoderniseerde alternatiewe. Die vraag van intelligente ontwerp teenoor evolusie bly 'n omstrede onderwerp. Evolusionêre bioloë oorweeg nou teorieë wat die meeste wetenskaplikes 'n generasie of twee gelede as belaglik beskou het, soos *panspermia* – die idee dat aangesien daar nie genoeg tyd was vir intelligente lewe om op planeet Aarde te ontwikkel nie, primitiewe lewensvorms uit die buitenste ruimte moes kom.

Oor wát die Tennes-

*Vervolg op bladsy 17*

# Waarom die rooi vers saak maak

**Deur Peter G. Nathan**

Die jong Melody se versorgers was versot op haar. Hulle het haar beskou as iets spesiaals wat hulle hoop vir hulle toekoms sou gee toe sy in Augustus 1996 gebore is. Daardie hoop is egter verydel voor haar derde verjaardag.

Melody was gesien as 'n baie spesiale jong kalf en bekend as 'n "rooi vers" wat onder 'n kudde melkkoeie in Israel se laagte van Jísreël ontdek is. Die Joodse rituele wette wat bestaande kennis oorgedra het uit die Ou Testament word toegepas met vereistes wat deur Joodse geleerdes oor die eeue heen gevestig is. Dit verklaar dat totdat 'n drie jaar oue rooi vers geoffer kan word en die as daarvan versamel word, dit nie moontlik sal wees om diere-offers in Jerusalem te hervat nie. Sommige Ortodokse Jode hoop om dit te doen – volgens die Bybel voordat Jesus Christus terugkeer. By geboorte het Melody gelyk of sy aan die rabbi's se vereistes voldoen, maar voordat sy oud genoeg was om geoffer te word, het sy te veel swart of wit hare ontwikkel om aanvaarbaar te wees.

Meer as 'n kwart eeu later, het vyf verskalwers, wat in Texas gebore is, die potensiaal gehad om te kwalifiseer om as 'n rooi vers geoffer te word. Hulle is per skip in September 2022 na Israel vervoer en onder streng sekuriteit in Silo aangehou. Hulle het min aandag in die wêreldse media getrek maar nogtans het 'n Hamas-woordvoerder in Februarie 2024 beweer dat die teenwoordigheid van 'n rooi vers 'n faktor was in Hamas se brutale aanslag teen Israel op 7 Oktober 2023.

Ons nader die derde herdenking van daardie Hamas-gruweldaad, waarvan die gevolge steeds in Gaza woed. Ons behoort die besorgdheid oor die rooi vers te ondersoek. Waarom stel 'n deel van Israel se bevolking soveel belang daarin en waarom is dele van die Islamitiese wêreld so gretig om daarteen op te tree? Evangeliese Christene stel ook intens belang in die saak.

Besonderhede oor die rooi vers, die kwalifikasie daarvan en die vereistes vir die offer daarvan word in Númeri 19 uiteengesit. Rabbi's het ander vereistes bygevoeg, met inbegrip van die ouderdom van die dier wanneer dit geoffer kan word en die aantal anderskleurige hare wat op die dier gevind kan word. Die vers behoort ten minste twee jaar oud te wees om gereed te wees vir offerande. Teen September 2024 sou een van daardie diere wat uit Texas ingevoer is moontlik beskikbaar gewees het vir offerande, mits daar aan alle ander vereistes voldoen kon word. Die afwagting styg dus onder belangstellendes.

**Die belangrikheid van die offer**

In die Januarie-Februarie-uitgawe van hierdie tydskrif is 'n artikel gepubliseer wat geskryf is deur ons Hoofredakteur, Gerald Weston, met die titel "Drie profesieë wat u lewe sal verander". Die tweede van daardie profesieë was die begin van daaglikse offers in Jerusalem. Daardie offers sal nie begin voordat 'n rooi vers geoffer is nie.

Hierdie offer van die rooi vers of offerande, is 'n noodsaaklike deel van die rituele voorbereiding om 'n potensiële nuwe Joodse priesterdom en hulle gereedskap vir die uitvoering van daaglikse offers te reinig. Dit is belangrik om daarop te let dat die Skrif bepaal dat hierdie vers buite die laer geoffer moet word, *nie* in die Tabernakel of Tempel se binnehof nie. Die offer moet gedoen word op die plek waar die karkasse van sondoffers van die Versoendag se offers verbrand moet word (Númeri 19:3-4; Levítikus 16:27-29). Terwyl die Tempel in Jerusalem in gebruik was, sou enige offer van 'n rooi vers op

die Olyfberg plaasgevind het, 'n plek vanwaar die hoëpriester wat die offerande waargeneem het, die Tempel duidelik sou kon sien. Die Skrif praat van die verband tussen hierdie plek en die dood van Jesus Christus (Hebreërs 13:11-14). Daar word gesê dat 'n groep bekend as die *Temple Institute*, probeer om die offer van 'n rooi vers op die regte tyd voor te berei, grond besit op die Olyfberg wat vir sulke doeleindes gebruik kan word, maar dit het ook ander opsies. 'n Rooi vers kon by Silo geoffer word, eerder as op die Olyfberg, om die geleentheid "onopsigtelik" en weg van media-aandag te hou. Ten spyte hiervan sal Moslems in die streek 'n offer op enige plek as 'n uitdaging beskou.

Wat is die doel daarvan? Die offer lei tot as wat, wanneer dit met water gemeng word, vir reiniging gebruik kan word. Die boek Hebreërs spreek die seremoniële betekenis van die as van 'n vers aan en sê dat "die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees" (Hebreërs 9:13). Diegene wat in die Tempel of Tabernakel gedien het, moes seremonieel gereinig word deur "reinigingswater" – water gemeng met die as van 'n vers (Númeri 8:5-12; 19:9).

Gewone Israeliete is ook deur hierdie as gereinig voordat hulle die Tabernakel of Tempel binnegegaan het. Ons vind dat hierdie reiniging plaasgevind het toe die Jode die Pasga in Jerusalem gehou het nadat hulle uit ballingskap teruggekeer het (Esra 6:20) en dit verskyn ook in die verslae van die Evangelie, wat mense beskryf wat vroeg na Jerusalem kom om gereinig te word voordat hulle die Pasga hou (Johannes 11:55). Die reinheid van Sy volk is vir God van groot belang.

Die offer van die rooi vers is egter slegs die begin. Die Tempel-instituut skat dat daar 13 belangrike stappe nodig is om voor te berei vir die begin van daaglikse offers in Jerusalem. Een van hierdie stappe is om die Israeliese regering se goedkeuring te bekom. Die huidige regering blyk tans nie gretig daarvoor nie, maar die moontlikheid vir 'n verandering in die benadering bestaan wel.

Wat meer is, die offer van die rooi vers beteken nie dat daaglikse offers onmiddellik daarna sal begin nie – selfs al kon hulle. Die as kan oor 'n lang tydperk geberg en gebruik word, met een vers wat moontlik genoeg as kan verskaf om hierdie doel vir dekades lank te dien. Sodra 'n rooi vers egter geoffer is, sou die Tempel-instituut die *middele* hê om al die toebehore en gereedskap wat vir 'n nuwe altaar en tempel voorberei is, te reinig, sowel as 'n middel om die priesterskap en Levitiese helpers te reinig wat nodig is om die tempel en offerstelsel te bedryf.

**Die tyd kom**

Die profeet Daniël vertel aan ons van 'n tyd wanneer offerandes heringestel sal word en dan met geweld gestaak sal word deur 'n leër wat Jerusalem binneval (Daniël 8:11-12). 'n ontsettende "gruwel van die verwoesting" sal net 'n paar jaar vóór die Messías se Wederkoms opgerig word (Daniël 12:9-13). Dit was klaarblyklik die Skrifgedeeltes wat die siening van die Middeleeuse Joodse geleerde Maimonides gevorm het, toe hy beweer het dat die finale rooi vers voorberei sou word ten tye van die Messías se Wederkoms. Jesus Christus het Daniël se profesie gebruik as 'n merker vir 'n tyd van toekomstige teëspoed – met 'n omvang tot nog toe onbekend aan die wêreld (Matthéüs 24:15-21). Die konteks is weereens die tyd van Jesus se Wederkoms, hierdie keer as die Koning van konings en Here van die here – die Messías – wat hierdie wêreld sal verander.

Daar is potensiële rooi verse wat meer as twee jaar oud is, nogtans bestudeer rabbi's steeds hulle geskiktheid vir gebruik as 'n offer van die rooi vers. Ons weet egter dat een van hierdie dae, wanneer God besluit dat die tyd reg is, 'n rooi vers geoffer sal word om Daniël se geïnspireerde profesieë te vervul en dit sal die era van die Messías se Wederkoms inlui.

Vir meer insigte oor gebeure wat binnekort in Israel en die Midde-Ooste gaan plaasvind, bied ons ons gratis boekie *Die Midde-Ooste in Profesie* aan. U kan 'n gratis gedrukte eksemplaar aanlyn of by die naaste streekkantoor aanvra (lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of u kan dit aanlyn lees by *wvm.co.za.* WvM

*Vervolg vanaf bladsy 16 – Herinnering aan die Scopes-"Aapverhoor"*

wêreld se grootste klaskamer sal word". Sommige mense het gevrees dat die verhoor letterlik in 'n sirkus sou ontaard toe daar verneem is dat Lillian Aurora, 'n gewilde verhoogkunstenaar wat ook bekend was vir haar diere-opvoerings, aangebied het om vir die verdediging "die opgeleide rolprent-sjimpansee" te leen indien hulle gedink het dat dit hulle saak kon bevoordeel.

In 'n poging om nasionale aandag te trek vir hulle saak, het *Scopes* by een van sy verdedigingsadvokate John Neal, aangesluit op 'n toer van Washington, D.C. en ander oostelike stede in die dae voor die Dayton-verhoor begin het. Tydens hierdie reis het Scopes die oorspronklike eksemplaar van die V.S. Grondwet by die biblioteek van die kongres opgesoek en vir vyftien minute lank vir verslaggewers en fotograwe geposeer. Tydens hulle reis het Scopes en Neal die Hooggeregshof se kamers besoek en opgemerk dat hulle saak uiteindelik dáár opgelos sou kon word.

Ten spyte van die risiko van wydverspreide bespotting, het sakemanne en burgerlike leiers van Dayton die verhoor verwelkom met die hoop dat dit 'n ekonomiese hupstoot vir die sukkelende klein dorpie sou bring. *Die Knoxville Journal* het op 20 Mei berig dat baie Dayton-burgers gekla het oor amptenare van Chattanooga se pogings om die verhoor daarheen te verskuif en het gedreig om Chattanooga-ondernemings te boikot tensy daardie pogings laat vaar word. Die aandag wat deur Scopes en Neal na die klein dorpie Dayton getrek het, was egter nie nét positief nie, aangesien die *Chattanooga Daily Times* van 18 Julie die Duitse dramaturg en romanskrywer Herman Sudermann aangehaal het wie gesê het: "Die verhoor stel Amerika bloot aan die bespotting van die wêreld". Die geologieprofessor William Scott het die verhoor "'n uiters vernederende vertoning waaroor die hele wêreld lag", genoem.

**Die verhoor self – 'n antiklimaks?**

Na soveel publisiteit – plaaslik, nasionaal en internasionaal – is dit glad nie verbasend dat die verhoor sélf nie aan baie waarnemers se verwagtings voldoen het nie. Alhoewel Bryan gehoop het om die verhoor te gebruik om evolusionêre teorie aan te val en baie van Scopes se ondersteuners die verhoor as 'n platform vir die bevordering van moderne wetenskap beskou het, het John Raulston, die regter tydens die verhoor, albei kante se hoop verydel. Hy het dit gedoen deur die deskundige getuienis wat deur evolusioniste en aanhangers van die skepping getuies gelewer is, van die verhoor uit te sluit – dit was in die hofverslae opgeneem tot voordeel van verslaggewers, maar het geen rol gespeel in die werklike verrigtinge van die verhoor nie.

Sonder die stryd van evolusie versus skepping op die voorgrond, het waarnemers gekla dat die verhoor "een van blote formaliteite" geword het, aangesien albei kante erken het dat Scopes – omdat hy uit die staatsgoedgekeurde handboek onderrig het, die *Butler*-wet oortree het. Sedert die mediasirkus ontspoor het, was die saak eenvoudig. Die jurie het slegs nege minute beraadslaag om Scopes skuldig te

*Vervolg op bladsy 10*

# Europa se tyd het aangebreek

Deur Gerald G. Weston

***Wat volg, is nie bedoel om een politieke party of nasie bó 'n ander te ondersteun nie. Die Wêreld van Môre onderskryf geen politieke kandidaat nie, maar ons skram nie weg van onderwerpe wat verband hou met die vervulling van Bybelprofesieë en Bybelse waardes nie. Enige melding van individuele leiers behoort nie as 'n goedkeuring van of klagte teen die individu, hulle party of hulle land beskou te word nie.***

Die Bybel bewys weereens dat sy skeptici verkeerd is. Wie het die dramatiese verskuiwing in die Duitse denke voorsien wat skielik drie en 'n half jaar gelede begin het? Dit is 'n verskuiwing wat steeds hewiger raak. Die antwoord lê daarin om Bybelprofesieë te verstaan – profesieë wat al jare lank hier deur die *Wêreld* van Môre onder die soeklig is. Ons het nie hierdie verandering voorsien deur groter intellek te hê, in 'n kristalbal te kyk, Nostradamus te volg of 'n visioen in die nag te ontvang nie. Dit word álles in die Skrif gevind.

Ons verduidelik reeds dekades lank, uit die boek Openbaring, die boek Daniël en elders in die Skrif, dat Duitsland weereens 'n dominante militêre mag in Europa sal word. Daardie gebeure sal daartoe lei dat tien nasies of koninkryke in Europa hulle mag sal oorgee aan 'n reusagtige Duits-geleide mag, wat in die Skrif "die dier" genoem word. Teenstanders het die idee van nog 'n Europese oplewing van die Romeinse ryk bespot maar dit is wat begin gebeur selfs terwyl u hierdie artikel lees. Dit is nooit 'n goeie idee om met God en Sy woord te wedywer nie!

**'n Gewigtige keerpunt**

Op 21 Februarie 2022 het die Russiese president, Vladimir Poetin, troepe na die Oekraïne gestuur as "vredesbewaarders" en drie dae later het hy 'n volskaalse inval van stapel gestuur. Dit was 'n wekroep vir Europese leiers en Duitsland se destydse kanselier Olaf Scholz, het onmiddellik 'n *Zeitenwende* gevra – 'n besonder gewigtige verandering in mense se denkwyse. Daar was 'n skielike beweging vanaf pasifisme na oorlogsgereedheid, aangesien Duitsers vinnig die behoefte raakgesien het om 'n sterk militêre mag te bou vir gebruik waar nodig. Mnr. Scholz het gevra vir die besteding van €100 miljard (V.S. $108 miljard) om sy land se gewapende magte te herbou en om 'n jaarlikse militêre besteding tot meer as 2 persent van die BBP te verhoog, met inbegrip van die aankoop van F-35-stealth-vliegtuie wat toegerus is met kernwapens.

Dit was 'n verrassende verandering aangesien Duitsland sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog van sy militaristiese verlede wou wegkom terwyl hulle gefokus het op vreedsame naasbestaan en 'n sterk ekonomie. Ander Europese lande wat mnr. Poetin se wekroep ontvang het, het ook hulle eie militêre besteding verhoog, maar Duitsland is in 'n unieke posisie as gevolg van sy geskiedenis asook sy ekonomiese mag.

Die verkiesing van die Verenigde State se president Donald Trump, het Europeërs verder aangespoor om aangewese te wees op hulle eie verdediging. By die München-veiligheidskonferensie het die V.S. visepresident J.D. Vance, op 14 Februarie 2025 deelnemers geskok toe hy Amerika se Europese bondgenote gekritiseer het omdat hulle massa-migrasie toelaat, vryheid van spraak ondermyn, godsdiensvryheid ignoreer en poog om verkiesings omver te werp in die naam van "die verdediging van demokrasie". Verstomde Europese leiers het gesê dat mnr. Vance se kommentaar "hulle ergste vrese bewaarheid het" ("*The Speech That Stunned Europe*", 18 Februarie, *ForeignPolicy.com).*

*Vervolg op bladsy 21*

# Herinnering aan die Scopes-"Aapverhoor"

Deur William Bowmer

Die vraag oor hoe om skoolkinders op te voed en wie behoort te besluit wat hulle leer, is lank reeds 'n omstrede kwessie. Deesdae woed die debat voort met betrekking tot die feit dat meer gesag teruggegee word aan die staat en plaaslike gemeenskappe en hoe om die federale betrokkenheid van onderwys te beperk. In die lig van die huidige twispunt, behoort ons dalk te besin oor 'n gebeurtenis wat 100 jaar tevore, in die lente en somer van 1925, ontvou het.

**Die agtergrond van die saak**

Dit het begin toe Tennessee se *Butler*-wet, wat in Maart van daardie jaar goedgekeur is, die staatskole verbied het om die evolusieteorie te onderrig. Dit het dus onwettig geraak vir openbare Tennessee-skole wat deur die staat befonds was om "enige teorie te onderrig wat die verhaal van die Goddelike Skepping van die mens, soos dit in die Bybel geleer word, te ontken en om in plaas daarvan te onderrig dat die mens van 'n laer orde van diere afstam". Dit het 'n boete van tussen $100 en $500 voorgeskryf vir enigiemand wat daaraan skuldig bevind sou word.

Een duidelike dilemma waarmee Tennessee se biologie-onderwysers te kampe gehad het, was dat die staat voorheen opdrag gegee het dat die gebruik van 'n voorgeskrewe biologiehandboek gebruik word – *A Civic Biology*, deur George William Hunter – wat baie duidelik evolusie onderrig het!

Die handboek het Charles Darwin se "wonderlike ontdekking van die evolusieleer" lof toegeswaai en verklaar dat Darwin "aan die wêreld die bewyse van die teorie gegee het waarop ons vandag die vooruitgang van die wêreld baseer" (bl. 405). Biologie-onderwysers was dus gedwing om te kies om óf die staat se kurrikulum te volg en uit 'n pro-evolusie handboek te onderrig, wat beteken het dat hulle die *Butler*-wet oortree, óf om die *Butler*-wet te gehoorsaam en die staat se kurrikulumwet te oortree. Dit is dus belangrik om te noem dat Hunter se handboek vandag "herroep" sou word en beskou sou word as beide verouderd en beledigend, aangesien dit aan verskillende rassegroepe toegeskryf word en oortref word deur die "hoogste tipe van almal, die Kaukasiërs" (bl. 196). Die hedendaagse Bybel-gelowige Christene stem saam dat mense almal lede van een veelsydige spesie is, waar die rasse beide verenig is deur algemene karaktereienskappe en onderskei word deur unieke eienskappe – verskillend maar nie hoër of laer as die ander nie.

Dit is maklik om te verstaan hoe Tennessee se teenstrydige wette tot 'n hofgeding kon lei. Die *American Liberties Association*, (*ACLU)* het aangebied om enigiemand wat bereid sou wees om die *Butler*-wet uit te daag te ondersteun en kort voor

lank het burgerlike leiers in die dooierige dorpie Dayton, Tennessee, gereken dat die nasionale publisiteit wat so 'n saak sou kry, hulle dorpie kon help om bietjie lewe te kry – Dayton se bevolkingstal het gedaal vanaf 'n maksimum van 3,000 inwoners in die laat negentiende eeu tot slegs 1,800.

'n Jong Dayton-ingenieur met die naam George Rappleyea het toe 'n simpatieke kennis, John Scopes, 'n 24-jarige biologie-onderwyser aan die *Rhea County High School*, gevra of hy bereid sou wees om die verweerder in 'n toetssaak te wees. Met die hulp van Herbert Hicks – ook 'n vriend van Scopes – is Scopes aangekla van die oortreding van die *Butler*-wet. Hulle plan was om hom skuldig te bevind sodat appèlle met betrekking tot die beslissing by die V.S. se Hooggeregshof kon uitkom, wat die wet van Tennessee sou verander terwyl Dayton se ekonomie versterk sou word.

## Die ontplooiing van die saak

Tussen Scopes se arrestasie op 9 Mei [van daardie jaar] en die begin van sy verhoor op 10 Julie, het Dayton 'n fokus van internasionale aandag geword. Alhoewel die Scopes-vervolging van stapel gestuur is as 'n toets van teenstrydige wetgewing en gemotiveer is deur die begeerte vir die nasionale kollig op die gemeenskap, was daar sterk openbare sentiment ten gunste van die *Butler*-wet. Die meeste mense het getuig dat hulle in die Bybelse skeppingsverhaal glo.

Die teenwoordigheid van William Jennings Bryan as hoof-advokaat vir die vervolging het ook nog bygedra tot die saak se bekendheid. Bryan het vir dekades lank nie aktief as regter gepraktiseer tydens die *Scopes*-verhoor nie, nogtans was hy 'n nasionale figuur, nadat hy drie keer as president van die V.S. verkiesbaar was. Hy het 'n prominente Protestantse godsdienstige spreker geword en een van die eerstes om sy boodskap via die radio te verkondig wat waarskynlik veroorsaak het dat hy onder die aandag van die Scopes-vervolgingspan gekom het. Bryan het op 25 Mei aan *The Chattanooga News* gesê: "Die koerante wat Tennessee-wetgewing as 'n grap beskou het, sal vind dat dit nie 'n lagwekkende aangeleentheid is nie. Sommige wetgewers en sommige howe het die Bybel in skole uitgesluit. Indien 'n wetgewer die lees van die Bybel kan verbied, kan dit dan nie ook die onderrig van 'n boek verbied wat die Bybel 'n leuen noem nie?" Bryan het gevoel dat "die eintlike kwessie in die Scopes-saak nie die leer van evolusie is nie, maar wie ons skole sal beheer en bepaal wat onderrig word".

Die hoëprofiel advokaat Clarence Darrow, 'n prominente lid van die ACLU en ook 'n agnostikus, het ingestem om Scopes te verteenwoordig. Voor dit was die wetenskapfiksieskrywer H.G. Wells, gevra om Scopes te verdedig, maar hy het dit van die hand gewys. Ander betrokkenes het probeer om die uitvinder Thomas Edison, na Dayton te bring om namens evolusie te getuig. Die *Chattanooga Daily Times* het op 11 Julie berig: "Dit is die hoop van die *Scopes*-verdediging wat modernisme en wetenskap verteenwoordig dat regter Raulston se hofsaal hier die

*Vervolg op bladsy 13*

*Vervolg vanaf bladsy 22 – Wat pouse en profesie betref*

heeltemal vernietig word deur Jesus Christus en Sy verheerlikte heiliges wanneer die Verlosser terugkeer. Voor daardie tyd wanneer die geprofeteerde valse profeet kom wat in Christus se naam spreek en beweer dat hy namens Hom en met Sy gesag optree en deur miljoene der miljoene Christene wêreldwyd aanbid word – sal hy die middelpunt wees van 'n verstommende hoeveelheid lyding.

Slegs die geestelike blindes kan nie die potensiële verband sien tussen die ontsaglike, welgestelde, oordrewe, magtige, vervalste "Christelike" kerk van profesie nie, wat gelei word deur 'n enkele valse profeet en die Rooms-Katolieke kerk van vandag, gelei deur 'n pous wat valshede in Christus se Naam verkondig. Slegs die eiesinnige mense sou onwillig wees om die saak ernstig te oorweeg. Wees verseker niks hiervan beteken dat Pous Leo XIV definitief daardie geprofeteerde valse profeet is nie. Die amp wat hy nou beklee pas egter by die rol en studente van God se Woord sal oplet wat die maande en jare wat voorlê, sal oplewer.

Ons bied u twee waardevolle studiegidse aan om te help om hierdie onderwerp verder te bestudeer: *Satan se Vervalste Christendom* en *Wie of Wat is die Antichris?* U kan dit aanlyn lees by wvm.co.za of u eie gratis gedrukte eksemplaar bestel. Die waarheid van Christus kan nie gevind word in die rade, geloofsbelydenisse of kanonieke wette van die Rooms-Katolieke kerk nie en ook nie dié van haar hoerdogters (Openbaring 17:5), wat hulle moeder se toegeeflike gesindheid geërf het en nuwes van hulle eie gemaak het nie. Jesus Christus *het* immers beloof om Sy Kerk te bou en Hy hét! Hierdie twee hulpbronne sal u help om u reis te begin om Sy Kerk te vind. WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

*Vervolg vanaf bladsy 10 – Herinnering aan die Scopes-"Aapverhoor"*

see-universiteit sy biologiestudente in 1925 onderrig het, mag ons dalk wil besin oor een opmerksame stelling uit *A Civic Biology*. Ons lees: "Alhoewel daar anatomies 'n groter verskil is tussen die laagste tipe aap en die hoogste tipe aap as tussen die hoogste tipe aap en die laagste barbaar, is daar tog 'n geweldige geestelike gaping tussen aap en mens" (bl. 195). Evolusioniste verwonder hulle dat terwyl die DNS van sjimpansees en menslike wesens redelik soortgelyk is, wisselend volgens sommige beramings met so min as 2 persent, die geestelike kapasiteit van menslike wesens aansienlik groter is. Terwyl evolusioniste verward is, verstaan kenners van God se Woord dat God 'n "gees in die mens" (Job 32:8) geplaas het wat die mensdom onderskei en ons in staat stel om die Heilige Gees te ontvang na die doop en die oplegging van hande (sien die "Vrae en Antwoorde" elders in hierdie uitgawe).

Ernstige studente van God se Woord moet oorweeg: Is die teorie van menslike evolusie versoenbaar met die Skrif? Is dit 'n agenda-gedrewe poging om die eenvoudige waarhede van die wêreld wat ons rondom ons sien, te ontken? Indien u meer te wete wil kom, lees asseblief ons kragtige en insiggewende studiegids *Evolution and Creation: What Both Sides Miss*. U kan 'n gratis gedrukte eksemplaar bestel by die streekkantoor naaste aan u of *wvm.co.za* waar u dit ook aanlyn kan lees. WvM

# Maak 'n ketting

## Waaraan sal u u ketting koppel?

### Deur J. Davy Crockett III

'n Groot deel van die Westerse wêreld word geteister deur gewelddadige optredes. In groot stede en klein dorpies neem sekuriteitskameras, aanrandings en moorde af. Verskille in politieke filosofieë het ontaard in fisiese rusies en doodsdreigemente. Dodelike skietvoorvalle by skole verwoes lewens en gesinne. Beelde van hierdie gewelddadige optredes is algemeen op televisie se nuusprogramme en sosiale mediaplasings. Geweld het só algemeen geraak dat ons grootliks ongevoelig geraak het daarvoor.

Is daar onderliggende redes vir die toename in geweldsmisdaad? Die Bybel openbaar beide die onderliggende oorsake én die oplossings vir hierdie tragiese voorvalle. Gedurende die antieke tyd het die profeet Eségiël 'n ernstige noodsaaklike boodskap aan die mense van sy tyd gebring, al wou hulle dit nie hoor nie. Hy het verkondig: "Maak 'n ketting klaar, want die land is vol bloedgerigte en die stad is vol geweld" (Eségiël 7:23). Sy ontleding is steeds deesdae van toepassing. Misdaad en geweld is gekoppel aan 'n reeks dade en optredes wat uiteindelik tot hierdie tragiese probleme lei. Die profeet Jesaja het verklaar: "Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak jul paaie krom, niemand wat daarop loop ken die vrede nie" (Jesaja 59:8).

Die ineenstorting van die tradisionele gesinstruktuur wat lei tot 'n gebrek aan stabiliteit en liefdevolle dissipline in die huis – in 'n groot deel van die Westerse wêreld – is deel van die ketting wat dikwels tot kriminele dade lei. Ander skakels is die gebruik van onwettige dwelmmiddels, die invloed van godslasterlike musiek en die bendekultuur wat dikwels tot geweldsmisdade lei.

Vermaak, literatuur en advertensies het gedrag soos buite-egtelike seks, geslagsverwarring en die bevordering van homoseksualiteit "genormaliseer". Dit word natuurlik gekoppel aan die epidemie van seksueel-oor-draagbare siektes. Onbeplande swangerskappe wat voortspruit uit hierdie morele ineenstorting lei tot die geboorte van ongewenste kinders en tragiese aborsies. Bydraend hiertoe is diegene wie aborsie in plaas van ouerskap kies omdat hulle kindergeboorte as 'n belemmering vir hulle loopbaandoelwitte beskou.

In regeringkringe is korrupsie 'n skakel in die gebrek aan publieke vertroue in politieke leiers. Misbruik van die wet het vertroue in die regstelsel verswak. Baie mense gee uiting aan hulle frustrasie en woede op maniere wat bydra tot die ketting van geweld.

**Die ontbrekende skakel**
Hierdie skynbaar balhorige probleme bestaan omdat die meeste mense nie gebonde is aan die voorgeskrewe riglyne, bekend as die Tien Gebooie, wat deur 'n liefdevolle Skepper oorgelewer is nie. 'n Lys van hierdie Wette word gevind in Exodus 20:1-17 en Deuternómium 5:6-21. Die sesde Gebod lui: "Jy mag nie doodslaan nie." Ander wette en verordenings verduidelik op watter wyse gewelddadige en noodlottige ongelukke hanteer behoort te word.

Die sewende Gebod lui: "Jy mag nie egbreek nie." Hierdie bevel verbied alle seksuele verhoudings buite die huwelik. Ander statute en verordeninge wat verbode seksuele aktiwiteite verder definieer, word beskryf in Levítikus 18.

Die agtste Gebod lui: "Jy mag nie steel nie." Hierdie eenvoudige, direkte stelling verbied alle vorms van oneerlikheid ten opsigte van persoonlike eiendom. Ander Skrifgedeeltes beskryf in besonderhede aangaande kontrakte, gewigte, mate, ensovoorts. Die negende Gebod lui: "Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie", spreek ander tipes misleidings aan. Laastens verklaar die tiende Gebod: "Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie" en gee besonderhede oor die dinge

wat ons almal moet vermy om te begeer.

Stel u die positiewe verandering in die samelewing voor indien hierdie Goddelike gedragstandaarde gekoppel was aan mense deur hulle idees, woorde en dade. Die "bloedige misdade" sou tot 'n einde kom! Moses het God se Woorde in verband met hierdie onderwerp aangeteken: "Ag, as hulle maar so 'n hart gehad het om My te vrees en al my gebooie altyd te onderhou, dat dit met hulle en hul kinders vir ewig goed kan gaan" (Deuteronómium 5:29).

Alhoewel u die samelewing nie kan verander nie, sal die toepassing van hierdie beginsels in u persoonlike lewe tot die seëninge lei wat regverdige gedrag meebring. Ons sien uit na die Wederkoms van Jesus Christus in mag en heerlikheid om God se heerskappy op die aarde te vestig. Dan sal Sy gedragstandaard deur almal gehoorsaam word terwyl die probleme van die mensdom uiteindelik opgelos word (Openbaring 11:15). WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

*Vervolg vanaf bladsy 20 – U geestesdieet*

eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit" (Filippense 4:8).

Praat *positief* met uself. Weet nogtans ook dat u met God kan praat en Sy woorde is die positiefste van almal s'n. Indien u dit nog nie gedoen het nie, lees asseblief ons gratis studiegids *Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed*. U sal dit aanlyn vind by *wvm.co.za* en u kan ook 'n gratis gedrukte eksemplaar aanlyn of by die streekkantoor naaste aan u bestel. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 26 – Europa se tyd het aangebreek*

koning Nebukadnésar in 'n droom gesien het. Ons weet hulle is dieselfde as gevolg van die konteks en hoe hulle deur die terugkerende Messías vernietig sal word.

> "En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was – dit sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het. En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is – 'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees. Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het – hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie" (Daniël 2:41-43).

Wanneer sal hierdie brose kombinasie van tien nasies dan uitmekaar val? Ten tye van God se ingryping, wanneer Jesus Christus terugkeer om 'n ander Koninkryk op te rig: "Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan" (vers 44).

Gebeure is besig om vinnig te ontvou. Terwyl ek hier skryf en teen die tyd wat u hierdie tydskrif lees, hoeveel meer sal die wêreld verander? Maak seker dat u voortgaan om Die *Wêrld van Môre* te lees om Bybelprofesieë te verstaan soos dit voor u oë afspeel. WvM

# U geestesdieet
# Praat u met uself?

## Deur Roger Meyer

Heeldag, elke dag, klets ons "innerlike stem" met ons in 'n monoloog in ons gedagtes. Hierdie "bespreking" kan positief óf negatief wees en dit beïnvloed ons lewens op baie wyses waaroor ons dalk nie eers altyd dink nie.

Sielkundiges noem dit "selfspraak". Dit is iets wat ons almal doen en navorsing toon dat dit interessante gevolge kan hê – ten goede of ten kwade. Ons sê dalk vir onsself: "Jy kan dit doen!" Ons mag dalk vir onsself sê: "Jy het geen opsies nie, geen kans op sukses nie. Jy sal misluk". Die aanname van nederlaag beperk die uitslag.

Atlete maak gebruik van selfspraak om hulle prestasie te verbeter, deur breinoefeninge te gebruik om hulle gedagtes en liggame te "programmeer" om aksies, soos om 'n tennisbal af te slaan, om oor hekkies te spring of 'n mededingende duik uit te voer. Ek het met groot belangstelling dopgehou hoe 'n Olimpiese hoogspringer sy kop tydens 'n "selfgesprek" knik terwyl hy in sy verbeelding "sien" hoe hy suksesvol deur elke beweging gaan wat nodig is om die sprong behoorlik uit te voer om oor die dwarslat te seil.

Ek het ook al gesien hoe 'n professionele gholfspeler negatiewe selfgesprek voer en daarmee sy prestasie saboteer. Hy het homself "van stryk gebring" en toegelaat dat negatiewe "selfspraak" hom laat misluk.

Die tegniek van positiewe selfspraak is bekend daarvoor dat dit 'n atleet se prestasie verbeter of dit nou op die baan, veld, skihelling of duikplank is. Atlete gebruik hierdie tegniek om te "sien" hoe hulle hul fisiese aksies korrek en suksesvol uitvoer voor hulle pogings. Hulle sê vir hulself om hulle kop af te hou, arms reguit, vou en draai met die knieë teen mekaar en nog baie meer.

**'n Persoon is wat hy/sy self dink**

Daar is 'n Bybelse beginsel by hierdie tegniek betrokke wat ons gerus kan probeer volg. Dit gaan nie daaroor om groot dinge deur ons eie krag of poging of dalk deur een of ander denkwyse te bereik nie, maar om 'n *behoorlike ingesteldheid* te hê.

Ons ís wat ons dínk. Ons lees dat "soos hy in sy siel bereken, so is hy" (Spreuke 23:7). Professionele atlete beheer nie net hulle fisiese dieet nie – dit wat hulle eet nie – maar ook hulle geestelike dieet. Hulle oefen hulle denke sowel as hulle liggame. Hulle oefen hulle denke sowel as hulle spiere.

Net so moet diegene wat Jesus Christus volg, hulle denke beheer. Die apostel Paulus het die Christelike lewe vergelyk met dié van 'n atleet: "Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal. En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles" (1 Korinthiërs 9:24-25).

Wat ons ons verstand voer en wat ons onsself toelaat om te dink, is lewensbelangrik. Ons geestelike dieet bestaan uit wat ons sien, lees en hoor en wat ons toelaat dat ons eie verbeelding ons voed deur selfspraak. Die televisieprogramme, die radioprogramme, die woorde van die musiek wat ons hoor en wat ons lees, is ons geestelike "voedsel".

Paulus het ook 'n Christen se lewe vergelyk met dié van 'n soldaat in oorlogvoering en geskryf, "want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus" (2 Korinthiërs 10:4-5). Dit verg geestelike inspanning en dissipline om ons gedagtes te beheer en die regte soort denke te beoefen.

Om 'n gesonde geestelike dieet te hê, behoort ons Paulus se raad te volg: "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat

*Vervolg op bladsy 19*

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

God tree wel direk op maar nogtans gebruik Hy ook Sy dienaars om Sy wil uit te voer, veral in genesing, seën en inseëning, wat getuig van die menslike instrumente waardeur Hy werk. Ons behoort egter daarop te let dat die krag *nie* in die persoon, die fisiese daad of die hande self lê nie, maar in God wat *deur* Sy fisiese Kerk en Sy fisiese bediening werk. God het Sy Kerk aangestel om die oplegging van hande as 'n teken van Sy wil, Sy Werk en Sy gesag te gebruik. WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Europa se tyd het aangebreek*

**Duitsland se nuwe rigting**

Die V.S. is nie die enigste land met 'n nuwe leier nie. Op 6 Mei 2025 het die konserwatiewe Friedrich Merz, die leier van Duitsland se regse Christen Demokratiese Unie, sy land se nuwe kanselier geword. In 'n onderhoud met die openbare uitsaaier ZDF [Duitse televisie-kanaal], het mnr. Merz die Trump-administrasie dadelik versoek om nie betrokke te raak by die Duitse politiek nie en het die rol van die Europese Unie beklemtoon: "Saam is ons selfs groter as die V.S. ... Ons is in elk geval tot 'n groot mate verenig" *("Merz to Trump team: Stay out of German politics." Politico.eu*, 7 Mei 2025).

Waarnemers verwag dat mnr. Merz die Europese stappe na selfonderhoud sal bespoedig wat gevolglik die Europese Raad vir Buitelandse Betrekkings sal kenmerk as 'n "tweespoed versnellende Europa" met 'n innerlike kern van ekonomiese en militêre magtige nasies wat 'n groter rol sal speel. Dit pas in by Bybelprofesie, want op die oomblik is die Europese Unie uit 27 nasies saamgestel. Dit is hoofsaaklik 'n ekonomiese unie, maar die Bybel beskryf 'n militêre mag wat uit slegs tien nasies bestaan. Ons kan verwag dat daar 'n wydverspreide ekonomiese unie sal wees met 'n kleiner binnekern militêre-unie wat slegs 'n kort tydjie sal bestaan (Openbaring 17:12).

'n Onlangse artikel op *German-Foreign-Policy.com* het 'n kommerwekkende titel gehad: "Alles of niks: Duitse buitelandse beleidsadviseurs en kundiges dring aan op massiewe herbewapening en baie hoër troepegetalle. Hulle waarsku: Duitsland sal andersins invloed verloor en die EU sal disintegreer". Die artikel het verder beweer dat "regeringsadviseurs en buitelandse beleidskundiges in Berlyn aandring op 'n massiewe toename in die militêre begroting, drastiese besnoeiings in sosiale besteding en die kragtige indoktrinasie ('verandering van mentaliteit') van die bevolking. Hulle argumenteer dat vinnige militarisasie, die taak van die volgende Duitse regering is ... die volgende regering moet die samelewing voorberei 'vir Duitsland om die toonaangewende Europese mag te word – diplomaties sowel as militêr'" (4 Maart 2025).

Kanselier Merz, wie voorheen 'n sterk voorstander van die Trans-Atlantiese alliansie was, erken die erns van die skeuring in verhoudings en sien dat daar geen omdraaikans is nie. Hy het in Februarie aan Duitse wetgewers gesê: "My absolute prioriteit sal wees om Europa so gou as moontlik te versterk sodat ons, stap vir stap, werklik onafhanklikheid van die V.S.A. kan bereik" (*Politico.eu*, 24 Februarie 2025). Let daarop dat mnr. Merz dit gesê het selfs vóór die konfrontasie op 28 Februarie in die Withuis tussen Vladimir Zelensky en die V.S. president en vise-president. Wat behels hierdie onafhanklikheid?

Duitse wetgewers het gestem om 'n enorme verhoging in verdedigingsbesteding asook besteding in infrastruktuur toe te laat

*Vervolg op bladsy 24*

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Wat pouse en profesie betref*

het om van die Woord van God af te wyk en vertolkings van Sy Wet te skep wat daardie Wet effektief geskend het?

> Waarom oortree julle ook die gebod van God as gevolg van julle tradisie?... So het julle die gebod van God kragteloos gemaak deur julle tradisie. Geveinsdes! Jesaja het tereg oor jou geprofeteer en gesê: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met hulle lippe, maar hulle hart is ver van My af. En tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is (Matthéüs 15:3-9).

Wat 'n vergelyking! Soos die Fariseërs van ouds, het pouslike owerhede deur die eeue heen oordele gevel oor God se Wette wat veroorsaak het dat Sy Gebooie kragteloos gemaak is deur die gevolglike tradisies. Diegene wat dit vandag doen, deel in die Fariseërs se veroordeling.

Om te erken of die pous 'n ware of 'n valse leier is, maak *wel* saak. Dit maak saak omdat waarheid saak maak en die Vader soek nie diegene wat in die Fariseërs se voetspore sal volg en tradisie bo waarheid stel nie, hoe opreg hulle ook al mag wees. God speel nie met woorde nie en Hy soek diegene wat in beide gees en waarheid sal aanbid (Johannes 4:23-24).

**'n Geprofeteerde valse profeet**

Dit maak ook saak omdat u Bybel waarsku teen 'n charismatiese, valse profeet wat wonderwerke doen en 'n wêreldwye godsdienstige herlewing sal lei gedurende die jare voor Christus se Wederkoms. Hierdie persoon sal die hoof wees van 'n magtige, welgestelde, wêreldomvattende kerk wat 'n valse, nagemaakte Christendom verteenwoordig (2 Thessalonicense 2:8-10; Openbaring 17:1-6). Hierdie misleidende valse profeet sal die laaste wees in 'n antieke lyn van valse leiers wat beweer dat hulle in Christus se naam onderrig. Jesus het geprofeteer dat hierdie lyn sou begin gedurende die lewens van Sy Apostels en gesien sou word in die antichriste van hulle eie tyd (Matthéüs 24:4-5; 1 Johannes 2:18). Hierdie lyn sal sy hoogtepunt bereik in 'n eindtydse valse profeet wat in baie opsigte Christelik sal voorkom, maar subtiele verdraaiings (woordspelings) en misleidende leerstellings van die duiwel sal verkondig (Openbaring 13:11).

Hierdie godsdienstige leier sal ook politieke invloed uitoefen, in samewerking met 'n toekomstige Europese supermoondheid en sy leier – die berugte dier van Openbaring. Hulle sal saam diegene vervolg wat aan die ware leerstellings van Jesus Christus wil vashou en valse leerstellings weerstaan (Openbaring 13:12-15). Profesie beeld hierdie ryk, magtige, toegeeflikgesinde "Christelike" kerk uit, wat gelei word deur die valse profeet, wat dronk word van die bloed van die regverdige heiliges wat sy slagoffers sal wees (Openbaring 17:6).

Die einde van daardie valse kerk, sy godsdienstige leier, sy politieke bondgenoot asook die hele, godslasterlike stelsel wat hulle verteenwoordig is verseker: Hulle sal

*Vervolg op bladsy 17*



# Die Bybel: Feit of fiksie?

***Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

# Vrae & Antwoorde

## Wat is "die oplegging van hande"?

**Vraag:** Ek sien dat "die oplegging van hande" een van die "grondbeginsels" van die Christelike praktyk genoem word en selfs as "fondamenteel" bestempel word (Hebreërs 6:1-2). Wat presies behels dit?

**Antwoord**: Die oplegging van hande is 'n seremoniële gebruik waarin 'n dienaar van God bid terwyl hy sy hande op die hoof plaas van die persoon vir wie hy bid. Hierdie eenvoudige seremonie is van groot geestelike belang en simboliseer God se begeerte om iets of iemand af te sonder.

Ons sien 'n vroeë voorbeeld daarvan toe Moses vir "Josua geneem en hom voor die priester Eleásar en voor die hele vergadering gestel [het], en hy het hom die hande opgelê en hom 'n opdrag gegee soos die HERE deur die diens van Moses gespreek het" (Númeri 27:22-23). Moses het nie vir Josua aangestel nie – hy het Josua die hande opgelê om *God se* besluit te simboliseer.

In die Nuwe Testament het God diakens bemagtig deur Sy geordende dienaars, die Apostels, "en hulle het gebid en hulle die hande opgelê" (Handelinge 6:6). Later lees ons dat die ouderlinge in Antiochië vir Paulus en Barnabas die hande opgelê en hulle opdrag gegee het vir hulle sendingreis: "En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het. En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan" (Handelinge 13:2-3). God het die oplegging van hande gebruik om te wys dat Josua, die diakens en Paulus en Barnabas almal vir Sy doel afgesonder was.

Die oplegging van hande word ook gebruik om God se seëninge oor te dra. Terwyl Jesus klein kindertjies geseën het, "het Hy hulle in sy arms geneem, sy hande opgelê en hulle geseën" (Markus 10:13-16). Hierdie seën het duidelik getoon waar en deur wie God gewerk het.

**Die Heilige Gees en genesing**

Die oplegging van hande ná die doop dra die gawe van die Heilige Gees oor. "En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaría die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. Húlle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang ... Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 8:14-17). God het een van Sy dienaars gestuur om die nuut geroepe Paulus te doop en die hande op te lê: "Saul, broeder, die Here het my gestuur, *naamlik* Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word" (Handelinge 9:17). Paulus het later die Efésiërs gedoop. "En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom" (Handelinge 19:6).

Jesus het vir Sy geordende dienaars gesê om die siekes die hande op te lê vir genesing. "En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom … En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam … op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word" (Markus 16:15-18).

Ons sien dat Paulus hierdie instruksie volg: "En die vader van Públius het siek gelê aan koors en buikloop. En Paulus het ingegaan na hom toe, en nadat hy gebid het, hom die hande opgelê en hom gesond gemaak" (Handelinge 28:8). Hierdie instruksie is van toepassing op enigiemand wat siek is: "Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het" (Jakobus 5:14). Dit is God wat genees volgens Sy wil en Hy het instruksies gegee wat die oplegging van Sy dienaars se hande behels.

*Vervolg op bladsy 21*

*Vervolg vanaf bladsy 21 – Europa se tyd het aangebreek*

– 'n reuse verskuiwing vir die land wat Europese verdediging kon hervorm. 'n Twee-derde meerderheid van die Duitse *Bundestag*-parlementslede, wat vir die verandering benodig word, het die stemming kort daarna goedgekeur. Die wet sal besteding aan verdediging en veiligheid van Duitsland se streng skuldreëls vrystel en 'n fonds vir infrastruktuur van €500 miljard ($547 miljard; £420 miljard) skep. Hierdie stemming is 'n geskiedkundige skuif vir 'n tradisioneel skuld-sku Duitsland. Dit kan geweldig betekenisvol wees vir Europa namate Rusland se volskaalse inval in Oekraïne steeds voortduur en nadat V.S.-president Donald Trump, 'n onsekere verbintenis tot NAVO en Europa se verdediging aangedui het" *("Germany votes for historic boost to defence spending*, *BBC.com*, 18 Maart 2025).

Mnr. Merz is lank reeds 'n sterk voorstander van fiskale verantwoordelikheid en daarom behoort ons nie die belangrikheid van sy steun vir hierdie dramatiese verandering te onderskat nie. Selfs terwyl hy Duitsland se militêre mag probeer versterk, het hy nogtans nie Europa se behoefte aan ekonomiese krag uit die oog verloor nie. Nadat die Trump-administrasie 'n nuwe lys van "Bevrydingsdag"-tariewe op 2 April 2025 aangekondig het, het die meeste mense hulle aandag waarskynlik op die verhouding tussen die V.S. en China gefokus. Europa het egter ook die slag gevoel van wat hulle as 'n ongekende aanval op sy ekonomie beskou het. Die V.S. het nog nie sedert die *Smoot-Hawley*-tariefwet van 1930 weer sy handelsvennote met sulke ingrypende tariefverhogings gedreig nie. In reaksie op die nuus van die nuwe tariewe het mnr. Merz aan verslaggewers gesê dat hy mnr. Trump aangespoor het om tariewe "tot nul" te verlaag en hom daaraan herinner dat die "naaste handelsvennoot vir die V.S. nie Duitsland, Frankryk of Pole is nie – dit is Europa en die Europese Unie" *("Merz to Trump: Give us 'zero' tariffs" Politico.eu*, 9 Mei 2025).

Na dekades wat hulle die posisie van vredesmaker en samewerkende mag in Europese en wêreldsake ingeneem het, is Duitsland nou gereed om 'n kragtiger rol op ekonomiese en militêre terreine te speel. Mnr. Merz het tydens 'n perskonferensie op 9 Mei, 2025 saam met EU-president Ursula von der Leyen gestaan en aan verslaggewers gesê: "Dit is nodig dat Duitsland 'n sterk asook 'n aktiewe rol, in die Europese Unie speel en die Duitse regering gaan dit doen" *("Merz says Germany is back with voice on stage," DW.com*, 9 Mei 2025). Die dae van 'n Duitsland wat getugtig en beskaamd gemaak is, as gevolg van sy militaristiese ambisies wat tot twee Wêreldoorloë gedurende die twintigste eeu gelei het, is verby.

**'n Nuwe Europese wêreldleier**

Mnr. Merz is nie die enigste nuwe leier wat tydens die afgelope maande op die Europese toneel verskyn het nie. Die verkiesing van Pous Leo XIV het die potensiaal om die verhoudings tussen die V.S. en Europa op maniere te kompliseer wat nog nooit voorheen beleef is nie. Leo is die eerste Rooms-Katolieke pous ooit uit die V.S. en het waarskynlik die wêreld se mees belangrike Amerikaner geword – tog staan hy aan die hoof van 'n wêreldwye organisasie met 'n kragtige oorsprong in Europa. Hy is ook 'n burger van Peru en het bande met die "Globale Suide" sowel as Europa – moontlik 'n waardevolle bate vir 'n Europa wat 'n nuwe balans van wêreldmag nastreef met minder V.S. invloed. Vir meer inligting oor die rol wat die pousdom in Europese en wêreldgebeure speel, lees asseblief Wallace G. Smith se insiggewende artikel "Oor Pouse en Profesie" elders in hierdie uitgawe.

**"Europa se tyd het aangebreek"**

Die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie is op 4 April 1949 gestig kort na die Tweede Wêreldoorlog. Daar is informeel gesê dat NAVO gevorm was "om Duitsland in bedwang te hou, Rusland uit te hou en die Verenigde State binne te hou". Wat ons nou sien gebeur is dat Duitsland opstaan, Rusland wat aan Europa se oostelike deur klop en die V.S. wat hom van Europa onttrek.

Dit is nie vreemd dat bondgenote geskille en verskille het om te oorkom nie, maar wat ons hier sien, is 'n geskiedkundige geopolitieke verskuiwing wat studente van Europese geskiedenis en Bybelprofesieë angswekkend behoort te vind. Die opkoms van 'n ekonomiese en onkeerbare militêre mag wat 'n kombinasie van Europese nasies behels, is iets waaroor hierdie bediening al dekades lank praat, skryf, verkondig en waarsku. 'n Jaar se tydskrifte van *die Wêreld van Môre* sou nie alles kon bevat wat ons al oor hierdie onderwerp gesê het nie en dit is besig om nou gestalte te neem. Ons bied verskeie boekies aan wat hierdie saak direk aanspreek. Dit sluit onder andere in, *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid?* Indien u hierdie kragtige boekie, wat deur die oorlede evangelis en *die Wêreld van Môre*-bydraer John H. Ogwyn, geskryf is, nog nie gelees het nie, moedig ek u aan om dit te doen. U kan dit aanlyn lees of 'n gratis gedrukte eksemplaar bestel by *wvm.co.za* of by die streekkantoor naaste aan u. Die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif.

Wat ons nou sien gebeur, is die opkoms van 'n Duitsgeleide Europa, wat besig is om 'n kragtige wêreldklas militêre mag op te bou wat kernwapens insluit en heeltemal onafhanklik is van die V.S. – sy voormalige beskermer. 'n Artikel wat in die tydskrif *Politico* verskyn het, met die titel "*Will the threat of Trump end Germany's austerity zeal*?"

> "In die lig van die bedreigings vir ons vryheid en vrede op ons vasteland", moet die gesegde "wat dit ook al verg" nou op Europa se verdediging van toepassing wees, het Merz vroeër vandeesmaand aan verslaggewers gesê toe hy 'n geskiedkundige leningsplan aangekondig het wat €1 biljoen in nuwe besteding vir verdediging en infrastruktuur oor die volgende dekade sou kon vrystel ... "Die vergadering in die Withuis tussen Zelensky en Donald Trump het werklik die hele drama saamgevat waarin ons vandag in terme van veiligheidsbeleid leef en dit is waarom ons vinnig moes optree", het Merz Sondag [16 Maart] 2025 op openbare televisie gesê. "Ons moet nou 'n meer onafhanklike pad sónder Amerika inslaan", het hy bygevoeg. *"Europe's time has come"* (18 Maart 2025, klem bygevoeg)

Ja, *Europa se* tyd. Nie slegs Duitsland s'n nie. Reuters het oor hierdie reaksie van die president van die EU-kommissie berig na die konfrontasie in die Withuis tussen die V.S. se administrasie en president Zelensky van die Oekraïne: "Nuwe EU-planne om Europa se verdedigingsbedryf te versterk en militêre vermoëns te vermeerder, kan byna 800 miljard euro ($841.4 miljard) mobiliseer, het die president van die EU-kommissie, Ursula von der Leyen, gesê ... Die EU sal voorstel om aan lidstate meer fiskale ruimte vir beleggings in verdediging te voorsien, sowel as 150 miljard euro in lenings vir daardie beleggings en sal ook daarna mik om private kapitaal te mobiliseer" *("EU defence plans could mobilize 800 miljard euro says von der Leyen," Reuters.com*, 4 Maart 2025).

Europese nasies maak gereed vir 'n bedreiging aangesien hulle besef dat hulle nou op hulle eie bene moet staan en 'n bedreiging uit die Ooste in die gesig staar. Die militêre ontwaking van Europa en veral van Duitsland, is nie net 'n geringe saak nie. Gedurende die laaste eeu het 'n gemilitariseerde Duitsland twee keer die wêreld in oorloë gedompel

wat die lewens van etlike miljoene mense geëis het. Ons weet dat dit nie hulle voorneme is om 'n derde rondte teweeg te bring nie, maar die afstammelinge van antieke Assirië sal weereens die wapens teen die nasies van Israel opneem:

> "WEE Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy – in hulle hand is my grimmigheid! Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate. Maar hý bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie" (Jesaja 10:5-7).

Die transformasie van Duitsland en Europa is geskiedkundig en dit vind teen 'n verbysterende spoed plaas. 'n *BBC*-artikel met die titel "Duitsland besluit om die geskiedenis agter te laat en voor te berei vir oorlog" het Duitsland se ontnugterende verandering in verdedigingsbeleid weerspieël:

> Duitsland se weermag, die *Bundeswehr*, het onlangs die groen lig gekry vir 'n massiewe toename in belegging, nadat die parlement daarvoor gestem het om verdedigingsbesteding van streng reëls oor skuld vry te stel. Die land se hoof-generaal het aan die *BBC* gesê dat die kontanthupstoot dringend nodig is omdat hy glo dat Russiese aggressie nie by die Oekraïne sal eindig nie. "Ons word deur Rusland bedreig. Ons word deur Poetin bedreig. Ons sal doen wat nodig is om dit te ontmoedig", sê generaal Carsten Breuer. Hy waarsku dat NAVO homself behoort te staal vir 'n moontlike aanval *binne so min as vier jaar* ... "Hoe gouer ons voorbereid is, hoe beter" (*BBC.com*, 31 Maart 2025, klem bygevoeg).

**Die komende Europese mag**

Die feit is dat die V.S. en Europa uitmekaar dryf. Europeërs erken hulle behoefte om te verenig ter wille van hulle eie verdediging en Duitsland besef die nodigheid om na vore te tree. Die boek Openbaring beskryf wat ons in die nabye toekoms sal sien. Ons kan nie die presiese tydsberekening vooraf bepaal nie, maar soos in die aanhaling hierbo getoon, is die tyd min wat dit Europa sal neem om voor te berei om 'n aanval deur 'n kern-supermoondheid aan sy oostekant teen te staan – dalk net vier jaar of selfs minder.

Bybelprofesie verduidelik dat hierdie "dier"-moondheid egter veel meer sal doen as om Europa teen Russiese aanvalle te verdedig. Hierdie Duits-geleide mag van "konings" (nasies of groepe van nasies) sal die hele wêreld weereens in oorlog dompel soos twee keer in die vorige eeu gebeur het. "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier gee" (Openbaring 17:12-13). Wat is die tydsberekening van hierdie profesie? Tydens die Wederkoms van Jesus Christus: "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou" (vers 14).

My pa het my eenmaal vertel dat die Europeërs nooit bymekaar kon staan nie – dit was gebruiklike wysheid wat gebaseer was op sy kennis van die verskille tussen die Europese volke. Die Bybel beskryf tog dat hulle presies dít sal doen. Hierdie selfde tien nasies wat in Openbaring gevind word, word in die boek Daniël uitgebeeld as die voete en tone van 'n reusebeeld wat

*Vervolg op bladsy 19*

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

en ons ondersteuners het 'n groter platform as die meeste van ons lesers, maar ons kan steeds nie die verloop van hierdie wêreld op hierdie tydstip verander nie. Ja, ons kan ons eie lewens verander en deur die *Wêreld van Môre*-tydskrif, ander mense help om dieselfde te doen, maar ons kan nie 'n einde maak aan oorloë, haat en geweld nie. Hoe is dit dus dan dat, volgens die goeie nuus wat Christus gebring het, ek en u die wêreld *kan* verander?

Jesus sê vir ons dat die mensdom 'n punt sal bereik waar alle lewe vernietig sou word as dit nie vir Sy ingryping sou wees nie (Matthéüs 24:21-22). Hy sal ons waansin beëindig en die plek van die huidige heerser inneem. Glo u wat Jesus sê naamlik dat Hy sal terugkeer om Koning van konings te wees om ons van onsself te red? Dit staan presiés so in die Bybel en hierdie wêreld is presiés op pad in die rigting wat Jesus gesê het dit sal gebeur.

Die profeet Sagaría skryf van 'n tyd in die nabye toekoms wanneer al die nasies van die aarde bymekaar sal kom om teen die Jode te veg om Jerusalem in besit te neem. Kan ons nie sien hoe dit nou al gestalte aanneem nie? Eers dán sal die Verlosser, Jesus Christus, terugkeer om die Jode en die mensdom in die algemeen te red. "En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg ... En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (*Sagaría* 14:3-4, 9). Met Christus se Wederkoms sal een van sy eerste take wees om van die huidige heerser – wie die mensdom mislei en die verloop van hierdie wêreld lei – ontslae te raak (Openbaring 20:1-3; 12:9; Efésiërs 2:2).

Waarom word hierdie opwindende nuus nie wyd en syd verkondig nie? Maak u Bybel oop en lees hierdie gedeeltes! Moenie enigiets glo net omdat Ek dit sê nie, maar moenie dit verwerp sonder om u Bybel oop te maak en sélf uit te vind nie!

Waarom verstaan die meeste mense dit nie? Die rede is nie verborge nie: "Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie" (Matthéüs 13:14-15). Ek hoop dit is nie op u van toepassing nie!

**Wie sal die wêreld verander?**

Ons kan nie op hierdie tydstip die mensdom se algehele koers verander nie. Slegs Jesus Christus kan dit doen. Hy sal egter nie alleen wees wanneer Hy dit doen nie – die dienaars van God wat uit die dood opgewek is, sal saam met Hom regeer. "En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en *ek het* die siele *gesien* van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank" (Openbaring 20:4).

Ja, diegene wat met Jesus se Wederkoms tot die ewige lewe opgewek word, sal ook gedurende daardie duisend jaar saam met Hom regeer, maar nie in die Hemel nie. Inteendeel, hulle sal "konings en priesters vir onse God" wees en hulle "sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:9-10).

Die Bybel verduidelik vir ons – en demonstreer deur ondervinding – dat Satan die



# Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

***Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:
e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.

god van hierdie huidige era is. Dit sal verander wanneer Jesus Christus terugkeer as die Koning van die konings en Here van die here (Openbaring 19:11-16). Een van daardie konings sal Dawid wees, wie oor al twaalf stamme van Israel sal heers (Jeremia 30:9; Eségiël 34:23-24). Die Twaalf Apostels sal Dawid bystaan en elkeen van hulle sal oor een van die stamme heers (Matthéüs 19:28). Ander ware dienaars van God sal oor stede heers en sal ook oor ander administratiewe sake aangestel word – nie net in Israel nie, maar regoor die hele wêreld (Lukas 19:12-19). Let egter op Christus se gelykenis: Die een wat 'n geleentheid gegee word, maar niks doen gedurende sy leeftyd nie, verloor selfs dit wat hy gegee is (verse 20-26).

Dit is na die Wederkoms van Jesus Christus dat ek en u – indien ons oplettend is en vandag die werk van God doen – deel kan wees van die grootste verandering van hierdie aarde wat die wêreld nog ooit ondervind het! Ja, u *kan* die wêreld verander!



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**